die ArtKat

Augustus 2009
Uitgawe 3 van 2009

Liewe Artkat studente en vriende,

Die Hanswors, Harlekyn, Pierrot of Fool het nog altyd die verbeelding aangegryp. Kortom skeer hy oënskynlik gek en neem die reg in eie hande om spelenderwys op tone te trap. Die rol wat die hofnar gespeel het is steeds nie uitgedien as ons na ons eie Pieter Dirk Uys kyk en wat hy in die politieke arena beteken. Kunstenaars het deur al die eeue hierdie karakter uitgebeeld in al sy fasette en het so ook dan iets van hulleself deur die venster van hul siel gesien. Die studente van Artkat het dan ook die afgelope tyd met die karakter kennis gemaak. Graag wil ek alle oud studente nooi om ook aan hierdie projek deel te neem. Gedurende Aardklop gaan Rina Vogler en ek 'n werkswinkel aanbied met hierdie tema. Lees meer oor Rina ..in hierdie uitgawe.

Die Mandala werkswinkel se tema: " Intuitiewe Collage Mandala" het baie suksevol afgeloop. 'n Collage is gemaak deur foto's en kleure wat jou aanspreek uit te knip en te plak. Die vensters van ons siele was weereens op skrefies oopgemaak en ons kon meer van ons self leer ken.
Die Zendala ..is Mandalas wat gemaak is met die gewone doedels waarmee so baie van ons besig raak gedurende telefoon-gesprekke. Terwyl ons ontspan leer ons sommer ook iets van ons self en kan ons selfs na die waarde van simbole kyk. Zentangles is 'n vorm van doedel-kuns waar die ronde sirkel van die klassieke Mandala verdeel word in verskillende dele (tangles) en ingevul word met hierdie doedels. Aantreklike kunswerkies kan so gemaak word deur die herhaling van hierdie doedel patrone. Bespreek gerus vir so 'n doedelsessie wat suksesvol, selfs deur die mees oningeligte persoon, gemaak kan word.

Groetnis,

Johanna van ArtKat.

Jaar program

Maandag	15h30 – 17h00	Kinderklas
Woensdag	09h00 – 11h00	Jaarkursus
Woensdag	15h30 – 16h00	Kinderklas
Woensdag	18h30 – 20h30	Jaarkursus
Donderdag	09h00 – 11h00	Gevorderd
Donderdag	11h00 – 13h00	Eie projek
Saterdag	09h00 – 11h00	
Saterdag	11h00 – 13h00	

Veldsessie se datum sal in die maand vir 'n Saterdag geskeduleer word.

Klasgelde:

Maandelikse tarief (vooruitbetaalbaar):
Enkelklas: R110 (maw R440 of R550 per maand)
Dubbelklas in die week: R160 (R640 of R800 / m)
Dubbelklas Saterdae: R220 (R880 of R1100 / m)
Soos altyd kan klasse gedurende die maand ingehaal word maar nie oorgedra word na die volgende maand nie. Bevestig net asseblief vooraf.
Die volgende geld vir enkel klasse wat per klas betaal word. Dit word vooraf met my bespreek want jou plek word dan nie outomaties gehou nie:
Enkelklas: R140 per klas.
Privaatklas/uur Dinsdae: R140/uur
Dubbelklas in die week: R220.
Dubbelklas Saterdae: R270
Mandala werkswinkels: R400 materiaal ingesluit.
Klasse wat per klas betaal word gee die vryheid en vrymoedigheid om te kom wanneer dit jou pas.

Red Red Wine by Tanja Ahlers

Jaarkursus

Na-skilderye van werke deur bekende kunstenaars is steeds 'n suksesvolle manier om in die siel van die kunstenaar se metode van werk te kom. Na-skildering van Paul Cezanne en Vincent van Gogh se werke is deel van die Jaar-studente se opdragte.

Die selfopgelegde taak wat Madelein aangepak het deur Marilyn Monroe na te vors as ikoon het ‘n interressante kunswerk in die Art Nouveau tradisie as gevolg gehad. Let gerus op na hierdie werk van haar op ons uitstalling en die verduideliking daarvan.

Katte

Arkat se Kat-projek lewer steeds pragtige skilderye op. Selfs die heel beginners het hul hand gewaag aan die projek. Magda het Matisse as inspirasie geneem en Rina het die uitveer en arseer tegniek gebruik.

Onderhoud van die Maand – Rina Vogler

Rina, baie dankie dat jy met ons jou menswees en visie deel. Jou kontak met Artkat Studio strek nou ook al 'n paar jaar. Ons gaan ook saam 'n paar seminare doen en daarom wil ek jou ook graag voorstel as "kunstenaar" van die lewe. Vertel vir ons iets van Rina Vogler self.

Ek was betrokke in opvoedkunde op verskillende vlakke, remediërende onderwys, ouerbegeleiding , gesinsterapie en berading op verskeie gebiede. Omgewingsopvoeding en jeugwerk is ook deel van my passies.

Om 'n " Life coach" te wees is die jongste toevoeging daarvan. Dit is 'n rol wat al hoe meer belangrik raak met die al hoe hoër verwagting wat daar aan ons as mens gestel word. Wat is jou motivering om hierdie rol te vertolk?

My ervaring in berading, opleiding en fasilitering het my geleer dat elke persoon die antwoorde wat hy of sy soek self kan en moet ontdek.

Dit is slegs vir my nodig om te help om die groot onontginde potensiaal binne elke individu te help ontsluit.

Ek het daarom besluit om van tradisionele berading af te wyk en op begeleiding en lewensgidsing te fokus. 'n Kursus in NLP het as opfrissing van my vaardighede gedien.

Wat beteken dit om 'n "life Coach" soos alom bekend te wees?

As 'n lewensgids, wil ek 'n klient bystaan om sy lewe te verander. Dit kan insluit loopbaanverandering, groei in verhoudings, dieper self-insig, jeugberading, doeltreffender studiemetodes, en middeljarige krisisse.

Ons is ook besig met 'n reeks seminare oor "Wellness" van liggaam , siel en gees. Die eerste is op 12 September in Menlo Park by 'n wonderlike Japanese Terras. Die tweede tydens Aardklop die 30ste September. Ons beplan ook 'n Mandala werkswinkel op die 17de en 18de Oktober in Potchefstroom.

Dankie Rina, dit was 'n kort insigtelike gesprek. Ons sal graag meer van jou insette gebruik maak in die Artkat in die toekoms sodat die lesers ook meer van jou warm persoonlikheid kan leer ken.

Wat is jou persoonlike lewens filosofie en het jy 'n boodskap vir die lesers van die Artkat?

Rainer Maria Rilke

"Die pad binne in jou, is die enigste weg"

Ek stem met Rilke saam, kyk na binne sonder om te verwag dat ander jou gelukkig moet maak, jy is verantwoordelik vir jou eie vrede

Om te bespreek vir enige van die seminare

rina@coachrina.co.za

0825765975.

Be the change you want to see in the world.

Mahatma Gandhi

Mandala Course

Julia Hastie
Certified BodyTalk Practitioner
Allergy & Addiction Elimination
Committee member of
BodyTalk South Africa
Member of
International BodyTalk
Association
www.bodytalksystem.com

Mandala Kursus by ArtKat Studio



Collages wat intuitief gemaak is.

Mandalas deur kinders met die spesifieke tema naamlik "Seisoene" en die kleure wat elkeen aan die seisoene koppel met Ishtra as die “Vrugbaarheids godin” as tema.

Lara se musiek-les het haar geïnspireer

Die volgende Mandalas is deur kinders gemaak. Daar was geen tema nie en dit is geskep met die uitsluitlike doel om te ontspan en te geniet. Dit is pragtige voorbeelde van onbewustelke simbole wat wat visueel geword het.



Nuus van die Weskus:

Strandlopertjies

Deur Tanja Ahlers

Dis nogal fassinered om strandlopertjies dop te hou. Hulle is so oulik as hulle so flink rondhardloop. Die dag sit ek op die strand en hou twee van hulle dop. Die enetjie trippel energiek rond, maar bly min of meer op dieselfde plek. Die ander enetjie is net so energiek, maar draf langer ente na wat lyk soos iets op sy klein horisonnetjie.

Watter strandlopertjie is jy? Is jy ook energiek, maar trippel op dieselfde plek in sirkels rond? Of sien jy iets op jou horizon, en beweeg energieke treetjie vir energieke treetjie daarheen? © 2009

Skilderye deur Tanja

Back by popular demand:
Our Season Tree

If there is anyone that wishes to receive the newsletter electronically, please send an e-mail to me at johanna@artkat.co.za so that I can place your name on my distribution list.

Kinderklasse



Ons het gedurende die skool vakansie 'n paar besoekers gehad wat pragtige kunswerke gelewer het. Die werke is nog nie almal klaar nie, maar sodra hulle die geleentheid het, sal dit verder voltooi word in die Studio. Dankie vir julle besoeke en ek hoop ons sien julle sommer baie gou weer.

Colour of the Month: Red

Red

The most emotionally intense colour, red stimulates a faster heartbeat and breathing. It is also the colour of love. Red clothing gets noticed and makes the wearer appear heavier. Since it is an extreme colour, red clothing might not help people in negotiations or confrontations. Red cars are popular targets for thieves. In decorating, red is usually used as an accent. Decorators say that red furniture should be perfect since it will attract attention. It is also the colour of the base chakra.

Black

Black is the colour of authority and power. It is popular in fashion because it makes people appear thinner. It is also stylish and timeless. Black also implies submission. Priests wear black to signify submission to God. Some fashion experts say a woman wearing black implies submission to men. Black outfits can also be overpowering, or make the wearer seem aloof or evil.

White

Brides wear white to symbolize innocence and purity. White reflects light and is considered a summer colour. White is popular in decorating and in fashion because it is light, neutral, and goes with everything. Doctors and nurses wear white to imply sterility.

Nog Hansworse uit die Artkat Studio

Annamarie, olieverf

Joey, olieverf

Johanna, olieverf

Johanna, olieverf

Linda, olieverf

Jan, olieverf

Joey, olieverf

I want a red to be sonorous, to sound like a bell. If it doesn't turn out that way,
I add more reds and other colours until I get it. Pierre-Auguste Renoir